***Die leerlinge op die stormagtige see***

# 96

Dit is verstaanbaar dat die leerlinge nie in so `n baie goeie stemming was nie; hulle maak baie opmerkings oor My ten beste en hulle kommentaar was nie in die lug in nie, en selfs **Petrus** sê: "Het Hy dan vir ons vir vannag niks beters bedink as `n sekere dood in hierdie golwe nie? Dit is tog `n bietjie vreemd van Hom! Ek durf haas nie verder te laat roei nie, want binne `n tiental meters beland ons bo-op vlaktes, klippe en sandbanke en ek, as `n ou skipper, staan nie in dat dit goed sal afloop nie! Dit is daarom beter dat ons verseker tot môre vroeg hier op hierdie hoogte bly!"

[2] **Thomas** sê: "Ek sou tog wel eers wil weet waarom Hy ons so skielik weggestuur het en opdrag gegee het om vóór Hom oor te steek!"

[3] **Andréas** sê: "Vir sover ek weet, lê daar nou geen skip aan die woeste kus nie; daarom vra ek myself af: Hoe sal Hy ons volg? As Hy oor land wil gaan, sal dit Hom ruim veertien uur neem om onderlangs oor Sibara en Kis daar te kom waar ons wil land; wil Hy egter langs die boonste sy van die see deurkom, dan sal dit Hom twee volle dagreise neem, want ons see is daar die breedste, met diep inhamme en uitgestrekte moerasagtige stukke."

[4] **Judas Iskariot** sê: "Julle weet almal niks daarvan af nie! Ek het al lankal opgelet dat Hy ons uit die weg wou hê, maar daar was geen gunstige geleentheid om ons op `n goeie manier te laat wegraak nie. Wel, die geleentheid het nou gekom, en Hy is ons en ons Hom kwyt! Nou kan ons onsself nog so inspan om hom te vind, maar waarskynlik sal ons hom nooit weer sien nie! Maar of dit - onder ons gesê - van Hom nou so mooi is, is `n ander vraag!"

[5] **Johannes**, die liefling apostel, sê: "Nee, dit sal Hy nooit doen nie! Daarvoor ken ek Hom al te lank en te goed! Dit sou Hy selfs nie as mens gedoen het nie, laat staan as Seun van Elohim, wat Hy nou ongetwyfeld is, aangesien Hy die Gees van Elohim ten volle in Hom het! Wat Hy gedoen het, het sekerlik - net soos alles wat tot nou toe gebeur het - `n baie goeie rede, en dus sal dit ook wel sy rede hê! En ek voel dit baie duidelik aan my dat ons dit baie gou sal opmerk!

[6] My God/Elohim, as Hy, aan wie hemel en aarde gehoorsaam is, van ons af sou wou weggaan, dan sou dit Hom tog net `n asemteug kos en dan staan ons aan die ander kant van die wêreld, net soos wat Hy dit ongeveer drie weke of hoogstens `n maand gelede in die hooggebergte van Kis gedoen het, wat ons hiervandaan nog goed kan sien, ook slegs `n asemteug nodig gehad en daar maak ons `n bliksemsnelle reis deur die lug en was in `n oomblik by Hom op die berg! - Beste Judas, kom asseblief nie by my met sulke belaglik domme gedagtes oor Hom nie, **want daarmee gee jy steeds `n bewys van jou ongeloof!"**

[7] **Nathaniël**, wat ook aan boord was, sê: "Hoewel ek dit heeltemal eens is met die mening van ons broer Johannes, meen ek tog dat dit ondanks al ons gewetensvolle handelinge moontlik kan wees dat ons êrens met een of ander ding teen Hom gesondig het, en Hy ons dit nie wil sê nie, maar ons nou aan onsself oorgelaat het sodat ons onsself beter en dieper kan ondersoek. Hy sal dan wel weer by ons kom as ons onsself heeltemal in die reine gebring het.

[8] Natuurlik het ek my gewete al so grondig moontlik ondersoek, maar ek kan jammerlik genoeg niks vind wat op iets onregverdigs dui nie. Ek sou egter `n aanwysbare sonde as `n wesenlike weldaad beskou, want dan sou ek weet dat ek hierdie verbanning deur die Meester verdien het, en `n opregte berou sal balsem vir my hart wees! Maar nou soek ek baie ywerig `n sonde by my en kan daar geeneen vind wat die moeite werd is om daarvoor in sak en as boete te doen nie! Helaas, ek beny nou `n sondaar! Dit wil sekerlik nie sê dat ek daarom `n sondaar sou wou word nie, maar as ek een sou wees, sou my hart dit makliker gehad het! O, hoe heerlik moet dit wees om voor Elohim en die mense opreg boete te kan doen! Maar hoe kan `n regverdige, sonder om vir Elohim belaglik te maak, die streng boetekleed aantrek?"

[9] **Bartholoméus** sê: "Hoekom het jy tog dikwels sulke vreemde idees! Hoe het jy ooit op die gedagte gekom om `n sondaar gelukkiger te prys as `n regverdige?"

[10] **Johannes** sê: "Heeltemal ongelyk het hy nie! Natuurlik word hier `n sondaar bedoel wat in sy swakheid en dikwels uit ondeurdagte hartstog sondig, maar nie `n gemene kneg van die hel nie, en daarmee kan broer Nathaniël beswil nie heeltemal ongelyk hê nie!"

[11] **Jakobus** sê: "Ja, ja broers! Ons Nathaniël is `n man wat, wat ons aanbetref, diepe en fynsinnige wysheid het wat ons almal nie kan tipeer nie, want hy put uit `n baie diep bron! Hy is altyd stil en spaarsaam met sy woorde, maar as hy iets sê, dan moet mens na hom luister! Want sy woorde is altyd waardevol!"

[12] **Nathaniël** sê: "Maar broer Jakobus, prys my tog nie altyd as ek so nou en dan iets sê nie! Die Meester weet tog die beste wat my waarde en die van my wysheid is, want as dit waardevol sou wees,

dan sou ek ook al lankal net soos julle uitgesonder geword het. Maar ek is nog steeds `n leerling, omdat die Meester goed sal weet wat daar nog aan my kortkom. Ek het wel `n poëtiese, maar nog lank geen profetiese gees nie! Kyk eers na die jeugdige broer Johannes, wat vanaf die wieg al `n profeet is. Dit weet die Meester en daarom het Hy hom Sy skrywer van geheime gemaak!"

[13] **Johannes** sê: "Ag, hoe kom jy daarby uit! En wat is broer Matthéüs dan?"

[14] **Nathaniël** sê: "Hy is `n gewone skrywer - en **alleen jy is Sy skrywer van geheime!"**

[15] **Johannes** sê: "Wie weet! En as dit so is, dan wil die Meester dit so hê, en ons moet dit aanvaar soos wat die Meester dit vir ons gegee het!"

[16] **Judas Iskariot** brom daar tussendeur: "Hy sal julle in die vervolg waarskynlik niks meer gee nie! Die uurglas is intussen al vier maal omgedraai, terwyl ons hier nog steeds tussen lug en water sweef, oftewel tussen lewe en dood, en ek sien nog steeds geen vaartuig wat ons sou volg nie!"

[17] **Johannes** sê: "Dit sê tog niks, want Hy het ons geen tyd gegee waarop Hy ons sal volg nie!"

[18] **Judas** sê: "Daarvoor sal Hy beslis `n baie wyse rede hê! Dit verstaan ons!"

[19] **Johannes** sê: "Vriend, sê my nou tog eers heeltemal opreg of jy, na alles wat jy tog met jou eie oë gesien en met jou eie ore gehoor en seker met al jou sintuie gevoel en ondervind het, nog nie glo dat ons Meester JaHshua, so waar as wat ek Johannes heet, waaragtig Elohim is nie en dat Hy volkome alle mag het om in die eindelose hemele en op hierdie aarde te werk en Majesteit Meester te wees nie! Hierop vra ek `n eerlike antwoord van jou!"

### *Die leerlinge, die storm en die skip*

**100** **Petrus sê:** "Dit sal nou al wel die derde nagwaak (ongeveer eenuur in die nag) wees, en nog is daar aan geen enkele kant `n skip te siene op die see nie!"

**[2] Andréas,** wat baie skerp kan sien, sê: "Ek vind ook niks nie - hoe ek my ookal inspan!"

[3] **Matthéüs**, **die tollenaar**, sê: "As die ongunstige wind maar net wil gaan lê! Die skippersknegte is al heeltemal uitgeput van die swaar roei, ondanks die feit dat ons hulle nou al `n paar maal goed gehelp het. Slegs as ons onsself almal inspan kan ons onsself op die hoë see handhaaf. As dit maar net wil lig word! Die oggend sal ons seker `n ander wind bring!"

[4] **Nathaniël** sê: "Ek sou niks anders wil hê as dat die Meester ons moet volg nie - miskien sou dit tog raadsaam wees om terug te keer en Hom te gaan soek! Moontlik het Hy tog in die hande van die knegte van Herodes geval!?"

[5] **Simon** sê: "Ag, wil jy nou meer! Hy, vir wie alle hemele en alle elemente gehoorsaam - en die ellendige knegte van Herodes! Hy het nou eenmaal gesê dat Hy sal volg as Hy die volk weggestuur het, en dat ons vóór Hom na die oorkant toe moet vaar! Wat Hy sê - is gewyd en dus waaragtig! Met hierdie teenwind sal ons die ander oewer nog lank nie bereik voordat Hy by ons is nie! Want wie die winde kan beveel, kom maklik en gou oor die see!"

[6] **Johannes** sê: "Ek is dit heeltemal met jou eens! Laat ons daarom almal vas op Hom vertrou dat Hy ons vir ewig nie sal verlaat nie! Kyk, met hierdie harde wind, wat ons nou al ongeveer vyf uur lank teister, sou ons roeispane baie min kon uitrig teen die storm as Sy mag oor die elemente ons nie in die oop see gehou het nie! Sonder Sy invloed sou ons lankal weer daar gewees het waar ons weggevaar het! Want, as ek dit reg het, dan lê ons skip soos aan die grond genael op één punt, en ek glo dat ons, as ons vas in Hom glo, wel kan ophou met roei, waardeur die skippersknegte heeltemal uitgeput is. Die skip sal haar nie verplaas nie, en die Meester sal ons waarskynlik op hierdie plek wil inhaal, anders sou ons met hierdie storm al lankal Elohim weet waar gewees het!"

[7] **Petrus** sê: "Ja, ja, jy het ook heeltemal gelyk! Ek merk óók dat die hewige wind ons nie kan draai nie, en ons roeiers sal teen hierdie wind af moet lê as Sy goddelike mag ons nie sigbaar gehelp het nie. Ek sal dan ook vir die knegte sê dat hulle hulleself by die roei nie so hoef in te span nie."

[8] Petrus gaan nou na die knegte en sê vir hulle dat hulle met die roei hulle nie te veel moes inspan nie.

[9] Maar **die knegte** sê: "Ons sien die wit skuim op die golwe langs die kus van die woesteny, die branding moet geweldig wees! As ons nie tot die oggend op die oop see kan bly nie, dan vergaan ons man en muis!"

[10] **Petrus** sê vir die knegte: "Dan sal ons geen leerlinge van die almagtige Meester JaHshua gewees het nie! Maar omdat ons Sy leerlinge is, sal die storm ons ook sonder die onophoudelike vrugtelose roei niks of heel weinig kan doen nie. - Dit duur nie meer lank tot die oggend nie, en by daglig sal dit met ons almal beter gaan!"

[11] Na hierdie woorde van Petrus hou die knegte bietjie vir bietjie op met roei en merk op dat die skip ook sonder roei op die oop see bly. En toe begin die agt knegte ook glo dat die skip werklik deur My krag op die oop see bly.